



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

MEMORANDUM

MODEL 2008

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.

NOTAS AAN ONDERWYSERS:

1. Rubrieke kan ook gebruik word wanneer vrae in Afdeling B en C gemerk word.
2. Neem asseblief sorgvuldig kennis van alternatiewe antwoorde plus integrasie deur kandidate voorsien.
3. Kandidate se antwoorde moet in vol sinne, gebaseer op die aard van die vraag vir afdeling B en C wees

Vol sinne	√√	(2)
Woorde	√	(1)

4. Afdeling C.

Omvattende antwoorde is voorsien maar hierdie antwoorde is alles behalwe diepgaande.

Neem asseblief ander relevante antwoorde sorgvuldig in ag wat kandidate voorsien en ken dienooreenkomstig punte toe.

Die toekenning van punte is as volg:

Inhoud	32 punte (maksimum)
Insig	8 punte
Totale punte	40

Insig bestaan uit die volgende komponente:

Inleiding, gevolgtrekking, ontleding en interpretasie, sintese en resente(jongste) inligting.

5. Gevalle studies/scenarios voorsien in die finale vraestel mag moontlik effens korter wees.

Dit is gedoen om kandidate voor te berei vir die Finale Eksamen Vraestel in 2008.

6. Die assesserings standarde neem die vlak van progressie en ingewikkeldheid van graad 10 tot 12 in ag, en vrae in hierdie vraestel is dienooreenkomstig opgestel.

AFDELING A:**VRAAG 1**

- 1.1.1 C
- 1.1.2 A
- 1.1.3 B
- 1.1.4 A
- 1.1.5 A
- 1.1.6 C
- 1.1.7 B
- 1.1.8 D
- 1.1.9 B
- 1.1.10 D

(10 x 2 = 20)

- 1.2.1 E (Dispuut resolutie)
- 1.2.2 C (Bestuur)
- 1.2.3 F (Arbitrasie)
- 1.2.4 B (Werkplek forum)
- 1.2.5 A (Strategie)

(5 x 2 = 10)

- 1.3.1 Waar
- 1.3.2 Waar
- 1.3.3 Waar
- 1.3.4 Waar
- 1.3.5 Onwaar

(5 x 2 = 10)**Totale Punte: [40]**

AFDELING B**VRAAG 2:****2.1.1. Verduidelik die begrip prima rentekoers. (LU 1 AS 1)**

Die prima rentekoers is die rente wat Handels Banke bereken vir hulle begunstige kliënte. ✓✓

(2)**2.1.2 Bereken die opgeloopte rente op die lening op 31 Desember 2007. (LU 1 AS 1)**

$$\text{Rente} = R\ 40\ 000 \times \frac{17.5}{100} \times \frac{6}{12} \quad \checkmark$$

$$= R\ 3\ 500. \quad \checkmark\checkmark$$

(3)**2.1.3 Die prima rentekoers het toegeneem met 1% tot 18.5%. Watter strategiese moontlikhede het Thandiwe in verband met die verhoging in rentekoers? Verduidelik. (LU 1 AS 1)**

- Betaal die lening so gou moontlik terug sodat rente las afneem..✓✓
- Ingekorte leen. ✓✓
- Neem 'n nuwe vennoot in sodat kontantvloei kan verbeter. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord.

(4)**2.1.4 Beskryf die uitwerking van misdaad op 'n besigheid en voorsien maatreëls wat kan help om misdaad te verminder. (LU 1 AS 1 + 2)**

IMPAK	MAATREËL
Misdaad affekteer besighede negatief wat lei tot 'n afname in die winste bv. Verbruikers verminder. ✓✓	Pas sekuriteit maatreëls toe bv. Sekuriteits wagte, GBTV stelsels. ✓✓ Enige ander relevante antwoord.

(4)**2.1.5 Noem die voorsiening rakende bevallings verlot in die Werkloosheid Versekerings Fonds (WVF).**

- Bevallings voordele word aan bydraers gedurende die bevaling betaal vir 'n maksimum van vier maande. ✓✓

(2)

- 2.1.6 **Hoe sal dit Miriam (verwys na VRAAG 2.1.5) as die werknemer en Thandiwe as die werkgewer van New Age Hair Salon affekteer? Motiveer jou antwoord.**

WERKNEMER	WERKGEWER
Mariam sal nie enige voordele ontvang nie aangesien sy nie geregistreer is nie. √√	New age hair salon kan beboet word omdat sy nie geregistreer is nie. √√

- Skikking kan tussen Mariam en New Age Hair Salon bereik word ten opsigte van kompensasie. √√

(6)

- 2.2 **Noem enige DRIE stadiums betrokke by ontwikkeling strategie. (LU 1 AS 1)**

- Formulering van die strategie. √
- Implementering van die strategie. √
- Evaluering en kontrole van die strategie. √

(3)

- 2.3 **Die volgende verwys na spesifieke besigheids operasies. Dit beskryf Spesifieke sake sektore. Identifiseer die sakesektor vir elk en verduidelik die rede vir jou antwoord. (LU 1 AS 4)**

- 2.3.1 Sekondêre sektor. √√
Die verwerking van grondstowwe(perskes) tot klaar produkte (konfyt). √√
- 2.3.2 Tersiêre sektor. √√
Dit bied 'n diens aan (akkomodasie). √√

(8)

- 2.4.1 **Beskryf hoe korporatiewe sosiale verantwoordelikheid die besigheid en die gemeenskap bevoordeel. (LU 1 AS 2)**

Voordele vir die besigheid

- Die gemeenskap ondersteun die besigheid deur sy produkte te koop en dra sodoende by tot die besigheid se winsgewendheid. √√
- Die besigheid geniet welwillendheid (klandisiewaarde). √√
- Hoogs geskoolde werkers kan gelok word. √√
- Verbeter die beeld van die onderneming. √√
- Enige relevante antwoord.

(enige 2 x 2 = 4)

Voordele vir die gemeenskap

- Verbeter die welvaart van die gemeenskap. √√
- Die lewensstandaard van die gemeenskap word verhoog. √√
- Armoede verligting deur werkskepping. √√

- Enige ander relevante antwoord.

(enige 2 x 2 = 4)

2.4.2 Verduidelik kortliks, deur voorbeelde te gebruik, TWEE sosiaal verantwoordelikhede programme wat deur besighede in jou gemeenskap ondersteun word. (LO 1 AS 2)

Nota: Leerlinge sal hul eie antwoorde verskaf.

- Bou 'n huis vir bejaardes ✓ bv. Deur Santam. ✓✓
- Borg die sokker (rugby) span. ✓ bv. Vodacom. ✓✓
- Bou van addisionele klaslokale vir die plaaslike skool. ✓ bv. Escom. ✓✓
- Mense in afgeleë gebiede ontvang grond om groente verbou. ✓ bv. Boere gee aan hul werkers grond om mielies te verbou. ✓✓
- Enige relevante antwoord.

(enige 2 x 3 = 6)

2.5 Veduidelik die doel van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) en lewer kommentaar op die vordering van hierdie Wet in die nywerheid. (LU 1 AS 3)

Doel van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998.

- Verbeter die vlak van investering in onderwys en opleiding. ✓✓
- Gebruik die werkplek as leer omgewing. ✓✓
- Moedig werkers aan om deel te neem aan leerlingskap en vaardigheids opleidings programme. ✓✓
- Verseker kwaliteit opleiding en onderwys in die werkplek. ✓✓
- Indiensnemingsgeleenthede vir minderbevoorregte mense. ✓✓

(enige 4 x 2 = 8)

Kommentaar op die vordering van hierdie Wet

- Duidelike bewys dat benoemde werkers die nodige vaardighede deur opleidings programme bekom het. ✓✓
- Voorheen benadeelde werkers met die nodige vaardighede is geskik vir bevordering. ✓✓
- Maatskappye wat nie meewerk nie, word beboet. ✓✓
- Baie leerlingskappe is nou beskikbaar vir kapasiteit bou maar besighede is traag om voordeel uit hierdie moontlikheid te trek. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

(12)

[60]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die uitwerking van die volgende kwessies op òf die sukses òf die mislukking van 'n vennootskap en 'n maatskappy. (LU 2 AS 5)

	VENNOOTSKAP	MAATSKAPPYE
3.1.1 BELASTING	Vennote betaal belasting in hul persoonlike hoedanigheid op die winste verdien uit die vennotskap. √√	Maatskappye het meer geleenthede om minder belasting te betaal.. √√
	Die hoë belasting koers mag lei tot finansiële ontbering en n swaar las op hul persoonlike lewe en dit mag bydra tot die mislukking van die besigheid.√	Dit word behaal deur kotings, ens. En dit mag lei tot die sukses van die maatskappy. √ (6)
3.1.2 BESTUUR	Vennote het persoonlike belang in die besigheid.. √√	Die maatskappy het verkose direkteure om die maatskappy te bestuur.. √√
	Daardeur verseker hulle dat die besigheid goed bestuur word. √	Hulle is spesialiste wat die maatskappy suksesvol lei. √
	Vennote is nie spesialiste nie. √√. En daarom kan dit lei tot onder prestering van die besigheid. √	Direkteure het nie persoonlike belang in die maatskappy nie. √√ en dit kan lei tot likwidasië. √ (enige 6)

(6 + 6 = 12)

3.2 Ontleed DRIE entrepreneurs eienskappe van Themba Klere Boetiek.
Gebruik die inligting in die gevalle studie ter ondersteuning van jou antwoord.
(LU 2 AS 1)

- Goeie organisatoriese en bestuur vaardighede √√ ondervinding in beplanning, kontroliering en organisasie van die bemarkings aktiwiteite. √√
- Goeie kommunikasie vaardighede √√ - interne nuusbrief √√
- Kreatiwiteit en die vermoë om innoverend te wees – voer nuwe produkte van China af in. √√
- Interpersoonlike vaardighede en die bereidheid om met mense te werk √√ gereelde vergaderings met die personeel.√√
- Bereidheid om berekende risiko's te neem om die wins en omset te verhoog.√√ - bedank by die klerefabriek en begin sy eie onderneming. √√
- Positief en verbind tot die besigheid. √√ - volhard met sy besigheid. √√

(enige 3 x 4 = 12)

3.3 Klassifiseer elk van die volgende stellings onder of VERPLIGTE VERSEKERING of NIE - VERPLIGTE VERSEKERING. Skryf die toepaslike kategorie langs die vraag nommer neer en gee 'n rede vir jou antwoord. (LU 2 AS 4)

- 3.3.1 Verpligte versekering. ✓✓
Dit verwys na die Pad Ongelukke Fonds (POF) wat verpligtend is vir alle motoriste wat betaal word via 'n brandstof heffing, deur die regering gemagtig met wetgewing. ✓✓
- 3.3.2 Nie verpligte versekering. ✓✓
Dit hang af van die moontlikheid om die skade te oorkom wat veroorsaak is deur die vuur.
Dit kon verskuif word na versekerings maatskappye wat opsioneel is. ✓✓
- 3.3.3 Verpligte versekering. ✓✓
Dit verwys na die Wet op vergoeding vir Beroepsbeserings en –Siektes, no. 130 van 1993, wat van toepassing is op alle ondernemings met meer as vyftig werkers in diens. ✓✓

(3 x 4 = 12)

3.4 Uittreksel – Besigheid Verslag.

3.4.1 Watter instansie publiseer hierdie tipe inligting in koerante? (LU 2 AS 4)

Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs . ✓✓ (2)

3.4.2 Noem TWEE funksies van die instansie genoem in VRAAG 3.4.1 (LU 2 AS 4)

- Om belegers op hoogte te hou deur aandele pryse in die nuusblaaie te publiseer. ✓✓
- Klein investeerders kry die geleentheid om in die ekonomie en groei van die land te belê. ✓✓
- Mobiliseer die fondse van versekerings maatskappye en ander instansies. ✓✓
- Enige ander relevante funksie.

(2 x 2 = 4)

3.4.3 Verduidelik wat het gebeur met Tigerbrands aandele gedurende die dag se verhandeling op 10 April 2007. (LU 2 AS 4)

- Tigerbrands se aandele is verhandel teen die hoogste prys van 18 507c en teen die laagste prys van 18 000c. Die prys met die afsluiting van besigheid was 18 250c. ✓✓

(2)

3.4.4 Wat was die prys van lilovo aandele aan die einde van die markdag? (LU 2 AS 4)

R 19.15 of 1915 sent. ✓✓ (2)

3.4.5 Hoe kan gewone inligting, soos in die tabel hierbo, jou help om te besluit watter aandele om te koop? Motiveer jou antwoord. (LU 2 AS 4)

- Gelei deur dividend opbrengs. Hoe hoër die dividend opbrengs hoe beter die verdienste op investering in aandele. ✓✓
- Identifiseer aandele wat stabiel is. ✓✓

(enige 1 x 2 = 2)

3.5 Sou jy verkies om aandele of effektetrusts te koop? Motiveer jou antwoord. (LU 2 AS4)

Effektetrusts ✓✓

Effektetrusts word gekontroleer deur fonds bestuurders wat spesialiste is. ✓✓

Gebalanseerde portfolio van fondse gerangskik van lae na hoë winsgewendheid. ✓✓

Die risiko's is versprei. ✓✓

Minder riskant as aandele. ✓✓

OF

Aandele. ✓✓

Moontlikheid van hoë opbrengste as een maatskappy se aandele gekies word. ✓✓

Opbrengste is onmiddellik. ✓✓

(2 x 2 = 4)

3.6.1 Identifiseer die neiging soos in die histogram aangedui. (LU 2 AS 3)

Die verkope begin op 'n lae vlak in Oktober en vermeerder geleidelik na 'n hoogste punt in Desember en daarna verminder na die laagste in Februarie. ✓✓

(2)

3.6.2 Wat het na jou mening, die neiging beïnvloed? Motiveer jou antwoord. (LU 2 AS 3)

- Dit is hoog vakansie seisoen wanneer mense vakansie bonusse ontvang en bestee hul geld op geskenke. ✓✓
- Geld word ook op skryfbehoeftes en skooldrag in Januarie bestee voordat skole en tersiêre inrigtings open vir leerlinge en studente. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord.

(4)

[60]

VRAAG 4:**4.1 Onderskei tussen leierskap en bestuur. (LU 3 AS 4)**

Leierskap is om mense te inspireer om presteerders te word. Hulle is gebore met spesiale aangebore en persoonlike karaktereienskappe. ✓✓
Bestuur is die proses om dinge klaar te kry deur die toepassing van outoriteit as resultaat van 'n posisie. ✓✓

(2 x 2 = 4)**4.2 Onderskei tussen die volgende bestuur style: (LU 3 AS 4)****4.2.1 Outokraties.**

- Hierdie vorm van leierskap laat geen onderhandelinge toe nie. Die leier vertel die mense wat om te doen en hoe om dit te doen sonder enige insette van die mense met betrekking tot hulle denke en/of voorstelle. ✓✓
- Dit is 'n bo – onder een rigting kommunikasie in die vorm van opdragte en instruksies. ✓✓

(2 x 2 = 4)**4.2.2 Demokraties.**

- Hierdie vorm van leierskap laat alle betrokkenes toe om 'n sê te hê in die besluitnemings proses van die organisasie. ✓✓
- Leiers behou die verantwoordelikheid en outoriteit in die maak van die finale besluitneming. ✓✓

(2 x 2 = 4)**4.2.4 Laissez-Faire.**

- Hierdie vorm van leierskap laat onderdane toe om al die besluite binne die beleid van die maatskappy te maak. ✓✓
- Die leier moet verantwoordelikheid vir die besluite neem. ✓✓

(2 x 2 = 4)**4.3 Beskryf VYF stappe wat jy, as 'n bestuurder, kan gebruik om konflikte in die werkplek op te los. (LU 3 AS 5)**

- Neem kennis dat daar 'n konflik tussen partye is. ✓✓
- Konfronteer die konflik deur die oorsake te identifiseer. ✓✓
- Reël 'n vergadering tussen die partye in konflik. ✓✓
- Prakseer maniere om die konflik op te los. ✓✓
- Vind 'n weg vorentoe. ✓✓

(enige 5 x 2 = 10)

4.4 Jy het Graad 12 geslaag. Jy is tans in diens by n nywerheidsmaatskappy wat motor sitplek oortreksels vervaardig. Jou mede werkers versoek dat jy by die vakunie moet aansluit.

Wat sal jou reaksie wees? Motiveer jou antwoord. (LU 4 AS 3)

Ja. ✓✓

(2)

- Streef om die werk omstandighede van werkers te verbeter. ✓✓
- Betrokke in die gesamentlike besluitneming wanneer daar 'n interaksie is met die werkgewer. ✓✓
- Beskerm werknemers teen onbillike ontslag, afdanking, ens. ✓✓
- Dien as 'n monitor vir die implementering van Wetgewing. ✓✓
- Tree op ten behoeve lede in dispuut resolusies. ✓✓

(2 + enige 4 x 2 = 10)

of

Nee. ✓✓

- Kan nie ledegeld bekostig nie. ✓✓
- Werk nie altyd mee om werk omstandighede te verbeter nie. ✓✓
- Huiwerig om deel te neem aan stakings. ✓✓
- Vergaderings mag tyd vermorsing wees. ✓✓

(2 + enige 4 x 2 = 10)

4.5 Jy is die besturende direkteur van 'n maatskappy. Jy stel belang in die welstand van jou werknemers in die werkplek.

Verduidelik enige TWEE strategieë wat jy sou implementeer. (LU 3 AS 8)

- Verseker dat die werk omgewing gesond en veilig is, bv. Installeer lugreëlaars of gebruik veiligheidsoffisiere. ✓✓
- Voer ondersteunings programme in om werknemers te ondersteun bv. beraadslaging. ✓✓
- Bied mediese bystand aan in geval van noodgevalle. ✓✓
- Betaal 'n billike loon. ✓✓
- Voorsien byvoordele. ✓✓

(3 x 2 = 6)

4.6.1 Noem die postitel. (LU 3 AS 6)

Assistent Direkteur: Personeel hulpbronne Beplanning, Voorsiening en Administrasie. ✓✓

(1 x 2 = 2)

4.6.2 Veronderstel jy doen aansoek vir hierdie pos. Noem enige TWEE belangrike aspekte wat op jou betrekking het. Gee redes vir jou antwoord. (LU 3 AS 6)

- Vaardigheid verwand. Departement van sport, kuns, kultuur en rekreasie. ✓✓
- Spesiale belangstelling en gepas vir die posisie. ✓
- Salaris : R 146 689 p.j. ✓✓ Huidige salaris is laer. ✓
- Pligte van die posisie waarvoor aansoek gedoen ✓✓ Pligte gepas vir jou

- belangstelling. ✓
- Sluitings datum van die aansoek. ✓✓ Geskikte spertyd. ✓
 - Kontak persoon. ✓✓ Navraag. ✓
- (enige 2 x 3 = 6)

4.6.3 Bereken die maandelikse bruto salaris vir die geadverteerde pos, voordele uitgesluit. (LU 3 AS 6)

$$R\ 146\ 689 \div 12 = R\ 12\ 223.25 \quad \checkmark\checkmark \quad (2)$$

4.6.4 Die salaris meld “ Plus voordele”. Noem enige TWEE moontlike voordele wat deur die Gauteng Provinsiale Regering aangebied word. (LU 3 AS 6)

- Behuising toelae ✓✓
- Pensioen ✓✓
- Mediese bystand ✓✓
- Motor toelae ✓✓
- Enige ander relevante antwoord.

(enige 2 x 2 = 4)

4.6.5 Hoe voldoen hierdie advertensie aan die regering se inisiatief oor inklusiwiteit? Gee 'n rede vir jou antwoord. (LU 2 AS 2)

- Verwelkom aansoeke van persone met gestremdhede. ✓✓
- Verbind tot die bereiking en instandhouding van verskeidenheid en gelykheid in indiensneming spesifiek in verband met ras, geslag en gestremdheid. ✓✓

(2 x 2 = 4)
[60]

TOTAAL VIR AFDELING B 180

AFDELING C

VRAAG 5

Identifiseer en klassifiseer die uitdagings soos genoem in die DRIE omgewings en ontleed ook die impak van hierdie veranderlikes op Plumtree. Stel strategieë voor wat Plumtree kan gebruik om hierdie uitdagings te oorkom.

Maak aanbevelings aan Plumtree oor of hulle moet voortgaan met hulle werksaamhede in hierdie sektor. (LU 1 AS 1 + 4) (40)

5.1 Inleiding:

- Besighede het te doen met uitdagings vanuit die verskillende omgewings. ✓
- Die verskillende omgewings is as volg:
Mikro, mark en die makro omgewing. ✓
- Die graad van kontrole verskil tussen die verskillende omgewings. ✓

- 'n Besigheid kan sy mikro omgewing kontroleer. ✓
- Daarom moet hulle strategieë prakseer ten einde dit in staat te stel om gehoor te gee aan hierdie uitdagings. ✓

(enige 3 x 1 = 3)

5.2 Uitdagings en kontrole oor die verskillende omgewings.**5.2.1 Mikro-omgewing** ✓✓**1. Uitdaging:**

- Afneme in die omset van tamaties as gevolg van 'n tekort aan water voorsiening. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Boor boorgate/ alternatiewe bronne van water. ✓✓
- Installering van 'n effektiewe besproeiing stelsel. ✓✓
- Enige ander relevante strategie.

2. Uitdaging:

- Werknemer afwesigheid. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Toekennings vir volle teenwoordigheid. ✓✓
- Hou deeglike kontrole van verlof. ✓✓
- Dissiplinêre aksie. ✓✓
- Enige relevante strategie

3. Uitdaging:

- Lang werk ure. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Kan dit kontroleer deur verkorting van werksure ooreenkomstig wetgewing. ✓✓
- Betaal oortyd. ✓✓
- Neem meer werkers in diens. ✓✓
- Enige relevante strategie.

4. Uitdaging:

- HIV infeksie. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Kan hulp voorsien deur verspreiding van ARV medisyne. ✓✓
- Neem werkers na klinieke vir behandeling. ✓✓
- Verseker dat mediese dienste beskikbaar is. ✓✓
- Opvoeding werk op HIV. ✓✓
- Ondersteuning vir HIV werknemers. ✓✓
- Enige relevante strategie.

Uitdagings: enige 3 x 2 = 6
Kontrole/strategie: enige 3 x 2 = 6

5.2.2 Mark omgewing ✓✓**1. Uitdaging:**

- Verloor mark aandeel aan die mededinging (STAR FOOD) ✓✓

Kontrole/strategieë

- Verbeter die kwaliteit van produkte deur kwaliteit kontrole. ✓✓
- Betrokke in 'n advertensie veldtog. ✓✓

- Adverteer ons besigheid in die lokale nuusblad. ✓✓
- Wins kopies op sekere dae. ✓✓
- Bied aansporings op die produkte aan, bv. koop een kg. en kry 250g gratis. ✓✓

Uitdagings: enige 1 x 2 = 2

Kontrole/strategie: enige 1 x 2 = 2

1.2.2 Makro omgewing ✓✓

1 **Uitdaging:**

- Vermeerdering in rentekoers. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Verminder lenings bv. betaal skulde makliker. ✓✓
- Om koste te verminder en sodoende die behoefte aan leen uit te skakel. ✓✓
- Word meer produktief deur uitsette te vermeerder. ✓✓
- Vermeerder omset deur pryse te verminder en bekom sodoende 'n groter mark aandeel. ✓✓
- Vermeerder kapitaal bydrae, verkoop aandele, neem 'n nuwe vennoot in. ✓✓

2 **Uitdaging:**

- Toename in brandstof pryse. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Om die vervoer van die besigheid uit te kontrakteer. ✓✓
- Om onnodige gebruik van voertuie te vermy of te beperk. ✓✓
- Gereelde diens en onderhoud van voertuie ten einde brandstof verbruik te verminder. ✓✓
- Stel kontrole maatreëls in. ✓✓

3 **Uitdaging:**

- Neem werkers op 'n tydelike basis in diens. ✓✓

Kontrole/strategieë

- Neem permanente werkers in diens. ✓✓
- Verminder tydelike werkers. ✓✓
- Bied opleiding vir geleentheidswerkers aan. ✓✓
- Enige relevante strategie.

Uitdagings: enige 2 x 2 = 4

Kontrole/strategie: enige 2 x 2 = 4
(24)

5.3 Aanbeveling:

- Bly in die primêre sektor gebaseer op implementering van bogenoemde strategieë. ✓✓
- Integreer vertikaal deur tamatie sous te vervaardig. ✓✓
- Verander die distribusie beleid bv. direkte bemarking. ✓✓

(3 x 2 = 6)

5.4 Gevolgtrekking

- Uitdagings is altyd daar en moet bestuur word. ✓
- Die besigheid moet die toepaslike strategie implementeer ten einde uitdagings te vermy. ✓

(2 x 1 = 2)

Toekenning van punte:

Inleiding	3	
Identifisering van omgewings	6	
Uitdagings van omgewings	12	
Kontrole/strategieë van uitdagings	12	
Aanbeveling	6	
Gevolgtrekking	<u>2</u>	
	<u>41</u>	Maks 32
Insig:		
Struktuur	2	
Analise en interpretasie	3	
Oorspronklikheid, resente(jongste) inligting	<u>3</u>	
	<u>8</u>	

Totaal 40 punte**VRAAG 6**

Wetgewing beheer die wyse waarop besighede in Suid Afrika bedryf word. Meeste hiervan is ontwikkel om die verdeeldhede van die verlede te herstel en om die samelewing te verander en word deur beleidsrigtings, soos menseregte, inklusiwiteit en omgewing sake gelei.

Verduidelik kortliks die begrippe *mense regte*, *inklusiwiteit*, en *omgewing sake*, in die werkplek en brei uit op inisiatiewe wat ondernemings kan implementeer met betrekking tot hierdie sake.

Ontleed en evalueer die mate waartoe hulle suksesvol was. (LU 2 AS 2) (40)

6.1 Inleiding

- Gedurende die apartheid era is baie min of geen aandag gegee aan die konsepte van menslike regte, inklusiwiteit, en omgewings sake. ✓
- Na die vestiging van die nuwe demokratiese regering, is verskeie stukke wetgewing gepasseer ten einde aandag te gee aan bogenoemde. ✓
- Hierdie sake is aan gesprek deur die passering van verskeie wette met verskeie ministers aangestel om na elke aspek om te sien. ✓
- Groot ondernemings in Suid Afrika is verplig om hierdie beleide te implementeer. ✓
- Huidiglik word die implementering van hierdie beleide gemonitor deur die regering. ✓

(3 x 1 = 3)**6.2 Mense Regte**

- Die Konstitusie waarborg 'n persoon se basiese menslike regte. ✓✓
- Die konsep van vryheid van die persoon as 'n individu asook as 'n burger en

- kollektief as 'n groep. ✓✓
- Elke burger is geregtig op privaatheid, waardigheid en gelykheid. ✓✓
 - Die Mense Regte Kommissie verseker dat menslike regte nie geskend word nie. ✓✓
 - Mense Regte verskans ook vroue regte, kinder regte, die reg op beskerming, privaatheid, vryheid van assosiasie. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

6.3 Inklusiwiteit

- Dit beteken mense word gelyke geleenthede gegee ongeag ras, geslag, ouderdom, kultuur en gestremdhede. ✓✓
- Geen diskriminasie in die werkplek nie. ✓✓
- Diversiteit in die werkplek. ✓✓
- Vrouens moet meer geleenthede gebied word in die werkplek. ✓✓
- Persone met gestremdhede moet die geleentheid gebied word om in diens geneem te word. ✓✓
- In die verlede is agtergeblewenes minder betaal vir gelyke werk. ✓✓
- Vrouens is uitgesluit van bestuurs posisies. ✓✓
- Indien hierdie beleid van nie diskriminasie gevolg gaan word, sal dit lei tot verskeidenheid in die werkplek. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

6.4 Omgewing sake

- Hierdie aspek spreek sake aan soos vernietiging van die natuurlike omgewing, uitputting van grondstowwe en die effektiewe gebruik van grondstowwe. ✓✓
- Onderhou die ekologiese balans. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

6.5 Inisiatiewe wat besighede suksesvol kon implementeer met betrekking tot hierdie sake

6.5.1 Mense Regte

- Spesifieke armoede verligting programme bv. donasie van grond vir tuinbou, ontwikkeling van entrepreneurs inisiatiewe. ✓✓
- Vermindering van werkloosheid deur vaardigheid ontwikkeling, entrepreneur programme maak hulpbronne beskikbaar en aanmoediging van informele en aangebore praktyke. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

6.5.2 Inklusiwiteit

- Wetgewing om verskillende vorme van diskriminasie aan te spreek bv. die Vaardigheids ontwikkeling Wet en Gelyke Indiensnemings Wet. ✓✓
- Die Mense Regte Kommissie adviseer en hanteer klagtes. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

6.5.3 Omgewing sake

- Die Departement van Omgewing Sake en Toerisme het wetgewing gepasseer ten einde besoedeling te verminder, vloed kontrole, rehabilitasie programme bv. Rehabilitasie van duine by Richards Baai Minerale. ✓✓

- Die Groen Skerpioene is gestig om parke, water reserwes, visserye, te beskerm. √√

(enige 2 x 2 = 4)

6.6 Tot watter mate hulle suksesvol was

6.6.1 Mense Regte

- Meer aandag word gegee aan bogenoemde sake. √√
- Groter samewerking van voorheen benadeelde mense aan die ekonomie van die land. √√
- Groter bewustheid van mishandeling teen vrouens en kinders wat beklemtoon en gepubliseer word. √√
- Werker samewerking en hul stemme word gehoor deur vakunies. √√

(enige 2 x 2 = 4)

6.6.2 Inklusiwiteit

- Besighede gee voorkeur aan aankope van bydraers tot die Swart Ekonomiese Bemagtiging. √√
-
- Regulasies verseker dat die vereistes van die wet na gekom word. √√
- Arbeid inspekteurs monitor besighede vir insiklikheid. √√
- Die werkerskorps moet 'n persentasie werkers met gestremdhede insluit. √√
- Kodes van Goeie Praktyke verwant aan die BEE is in plek. √√

(enige 2 x 2 = 4)

6.6.3 Omgewing sake

- Baie Wette is gepasseer, gemonitor en geadviseer, bv. die uitputting van vis reserwes, Groen Vryheids Organisasie en sy sukses. √√
- Wêreld bewustheid vir die bewaring van die ozoon laag. √√
- Opvoedings werk ten opsigte van bogenoemde. √√
- Boetes is opgelê op oortreders. √√

(enige 2 x 2 = 4)

6.7 Gevolgtrekking:

- Sake wat nie publisiteit ontvang het nie word nou aangespreek en verbeter. √
- Spesifieke instellings is ontwikkel om hierdie sake te monitor. √
- Strafmaatreëls, dreigemente en boetes is opgelê. √
- Bewaring is aansienlik hoër en dit sal 'n positiewe impak op besighede hê. √

(2 x 1 = 2)

Toekenning van punte:

Inleiding	3
Verduideliking van konsepte	12
Inisiatiewe wat besighede implementeer	12
Evaluasie	12

Gevolgtrekking	<u>2</u>	
	41	Maks. 32
Insig:		
Struktuur	2	
Analise en interpretasie	2	
Oorspronklikheid, voorbeelde, resente(jonste)feite	<u>4</u>	
	<u>8</u>	Totaal 40

VRAAG 7

Ondernemings stem saam dat etiese en professionele gedrag belangrike aspekte van die sake omgewing is.

Beskryf die begrip van *etiese* en *professionele* gedrag en gebruik praktiese voorbeelde om die onderskeie sake met betrekking tot bogenoemde te verduidelik.

Lewer kommentaar op die toepassing daarvan in die werkplek. (LU 3 AS 2)

(40)

7.1 Inleiding :

- Ondernemings besef dat hulle in isolasie kan voortbestaan nie en daarom moet daar 'n interaksie wees met die onder skeie omgewings. ✓
- Baie instansies in Suid Afrika het hul eie gedrags kode en 'n verbintenis tot etiese en professionele gedrag. ✓
- Praktijk kodes is ontwikkel om te verseker dat hierdie sake aangespreek word. ✓

(maks. 3)

7.2 Beskrywing van konsepte:**7.2.1 Etiek: ✓**

- Etiek verwys na 'n stel van waardes wat moreel aanvaarbaar in die gemeenskap is en wat reg, goed en billike aksies definieer. ✓
- Besigheid etiek verwys na reëls en beginsels wat die beste besigheid praktyk beïnvloed. ✓
- Besighede ontwikkel hul eie etiese kode vir beste praktyk. ✓

(maks. 3)

7.2.2 Professionele gedrag: ✓

- Dit is 'n stel standarde van verwagte praktyke bv. Behandel persone met respek. ✓
- Spesifieke beroeps praktyke het hul eie professionele kode ontwikkel. ✓

(maks. 3)

Praktiese voorbeelde om die verskillende sake te verduidelik:**7.3 Belasting:** ✓

- Die regering benodig inkomste van belasting om noodsaaklike dienste soos behuising, onderwys, infrastruktuur ontwikkeling en mediese dienste te voorsien. ✓
- Professionele gedrag vir besighede in hierdie verband sou wees om nie belasting te ontduik deur vervalsing van finansiële state nie. ✓
- Maatskappy belasting, BTW en persoonlike belasting is sommige hoof bronne van inkomste vir die regering. ✓
- Belasting ontduiking is onwettig in Suid Afrika en word geag as misdadig strafbaar met 'n boete en selfs gevangenis straf. ✓
- Die SARS hou toesig oor die invordering van belasting. ✓

Kommentaar :

- Tans het belasting invordering in Suid Afrika alle begrotings verwagtinge oortref. ✓
- Dit is vaartbelyn gemaak met die inleiding van die SAP stelsel. ✓

(6 x 1 = 6)

7.4 Seksuele teistering: ✓

- Dit is enige seksuele voordeel, gebaar of opmerking wat veroorsaak dat 'n persoon intimiderend en bedreig voel. ✓
- Seksuele teistering word verbied deur wetgewing en maatskappye moet hul werknemers opvoed in hierdie verband. ✓
- Seksuele teistering is 'n basiese skending van mense regte wat dikwels gebeur wanneer iemand in 'n gesags posisie is en hierdie posisie misbruik. ✓
- Seksuele teistering gebeur wanneer 'n meerdere die moontlikheid van bevordering of verhoging in salaris voorhou in ruil vir seksuele gunste van die onderdaan. ✓
- Die geaffekteerde party is gewoonlik bang om dit te rapporteer as gevolg van viktimisasie. ✓

Kommentaar:

- Die verhoging in die aantal seksuele verkragtings en die aanspreek daarvan deur die hof. ✓

(6 x 1 = 6)

7.5 Pryse van goedere in afgeleë gebiede: ✓

- Dit is goeie besigheids praktyk en professionele gedrag om dieselfde pryse te hê vir stedelike en afgeleë gebiede. ✓
- Groot besighede is teensinnig om takke in afgeleë gebiede te open as gevolg van 'n swak opbrengs op hul investering. ✓
- Dit is algemene praktyk vir mense in afgeleë gebiede om hoër pryse te betaal vir goedere wat in meeste gevalle van minderwaardige gehalte is. ✓
- Pryse van goedere in hierdie gebiede is algemeen gebaseer op persoonlike karaktertrekke van die verbruikers. ✓

Kommentaar :

- Regering fokus op infrastruktuur ontwikkeling in afgeleë gebiede. ✓
- Dit sluit aankoop sentrums in. ✓

(6 x 1 = 6)

7.6 Onbillike advertensie: ✓

- Die Adverterings Standaard Gesag (ASG) reguleer advertensies en beskerm die belange van die publiek. ✓
 - Advertensies moet eerlik wees en moet nie die verbruiker se vertroue of gebrek aan kennis uitbuit nie. ✓
 - Sommige besighede maak gebruik van misleidende advertensies sodat hulle meer waarde vir hul geld kan kry deur ondersteuning van hulle produkte. ✓
 - Verbruikers word aangemoedig om geskrewe klagtes te rig aan die ASG ten opsigte van onetiese adverterings praktyke. ✓
 - Voorbeelde van onetiese praktyke: Adverteer tweede handse goedere as nuut. ✓
- Kommentaar:

- Die ASG is die wag hond en verskeie advertensies is al onttrek. ✓

(6 x 1 = 6)**7.7 Ongemagtigde gebruik van fondse: ✓**

- Bedrog is die diestal of wangebruik van geld wat aan die werkgewer behoort. ✓
- Bedrog vermeerder die koste van sake doen, beïnvloed kompetisie en ontmoedig investeerders deur pryse opwaars aan te pas om verliese te absorbeer. ✓
- Besighede moet opvoedings werk onder werknemers onderneem in verband met die impak van bedrog en hulle moet verstaan dat bedrog voorkoming is 'n gesamentlike verantwoordelikheid. ✓
- Stelsels moet in plek wees om bedrog te verminder deur bv. Interne oudit en risiko bestuur. ✓
- Mense wie vertroue word om groot bedrae geld te kollekteer het al geld verduister vir persoonlike gewin. ✓

Kommentaar:

- Bedrog sake was al in die media uitgelig. ✓
- Verskeie sake is al in houe verhoor rekende bedrog. ✓

(6 x 1 = 6)**7.8 Misbruik van werk tyd: ✓**

- Baie besighede het te doen met die dilemma waar werknemers werk tyd gebruik vir hul eie persoonlike aktiwiteite. ✓
- Die besigheid moet 'n beleid in plek hê vir werknemers ten opsigte van die misbruik van werktyd bv. maak van persoonlike oproepe, stuur van persoonlike e-pos en rondkyk deur die webwerf, onverwant aan hulle werk pligte. ✓
- Besighede moet tyd monitering stelsels en tyd aantekening prosedures implementeer. ✓
- Daar behoort sekere buigsaamheid te wees wanneer gehandel word met werkers wat nougeset is, lang ure werk, en amptelike breke mis wanneer daar dringende werk is om gedoen te word. ✓

Kommentaar:

- Baie van hierdie sake is hanteer deur griewe prosedure. ✓

(6 x 1 = 6)**(Punte enige 5 x 6 = 30)**

7.9 Gevolgtrekking:

- Beleide en wetgewing wat geïmplimenteer is moet voortdurend gemonitor en verbeter word ten einde by te dra tot 'n suksesvolle besigheid. ✓
- Winsgewendheid word gewoonlik geïmpak deur bogenoemde sake. ✓

(2 x 1 = 2)**Toekenning van punte:**

Inleiding	3	
Konsepte	6	
Sake en kommentaar	30	
Gevolgtrekking	<u>2</u>	
	41	Maks. 32
Insig:		
Struktuur	2	
Analise en interpretasie	2	
Oorspronklikheid, resente(jongste)inligting, voorbeelde	<u>4</u>	
	<u>8</u>	Totaal 40

VRAAG 8

'n Besigheids organisasie het sekere sake- en bestuurs funksies wat deur die bestuurders van verskillende departemente binne die organisasie uitgevoer word. Jy is die Algemene Bestuurder van so 'n organisasie en het kennis geneem dat verbeterde werkverrigting van hierdie sake funksies 'n betekenisvolle bydrae tot die sukses van die sake onderneming kan lewer.

Identifiseer en bespreek enige VYF sake funksies. Ontleed hoe die gehalte van werkverrigting van hierdie funksies daartoe bydra om die besigheid meer winsgewend te maak.
(40) **(LU 4 AS 4)**

8.1 Inleiding:

- Besighede moet die agt besigheid funksies wat interafhanklik van mekaar is uitvoer, ten einde suksesvol te wees. ✓
- Indien besigheids ondernemings hul mededingings posisie wil verbeter moet die behoefte aan kwaliteit al groter word. ✓
- Besighede moet kwaliteit kontrole stelsels in plek hê ten einde werkprestasie te monitor. ✓

(3 x 1 = 3)

8.2 Besigheid funksies:**Toekenning van punte**

Identifikasie (benaming) van funksie	2
Beskrywing van funksie	2
Detail verduideliking van die effektiwiteit van kwaliteit werkverrigting	<u>4</u>
	<u>8</u>

8.2.1 Algemene bestuur ✓✓

- Algemene bestuur moet 'n strategiese plan ontwikkel. ✓✓
- Dit bestaan uit die volgende aktiwiteite van beplanning, organisasie, leiding en kontrole. ✓✓

Effektiewe kwaliteit werkverrigting:

- Top bestuur aktiwiteite word grootliks gemeet deur die finale winsgewendheid syfers. ✓✓
- Die onderneming moet daarna streef om 'n positiewe beeld in die gedagtes van verbruikers te ontwikkel. ✓✓
- Verbetering kan behaal word deur die stel van hoë teikens. ✓✓
- Opnames kan geloods word om die beeld van die besigheid te verseker. ✓✓
- Vergelyking van syfers in winsgewendheid. ✓✓
- Strategiese plan moet in plek wees. ✓✓
- Rapportering en terugvoering op die bekendstellings plan. ✓✓

(Maks. 8)**8.2.2 Aankoop funksie** ✓✓

- Betrokke in al die aankope van grondstowwe en goedere van die regte kwaliteit, prys, tyd en plek. ✓✓

Effektiewe kwaliteit werkverrigting:

- Onwyse aankope van grondstowwe en kapitaal goedere mag negatief inwerk op die finale goedere. ✓✓
 - Daar moet 'n identifikasie en seleksie van betroubare verskaffers van goedere wees. ✓✓
 - Goedere moet die teiken mark bevredig. ✓✓
 - Hoë omset van goedere beteken dat die korrekte goedere aangekoop is. ✓✓
- Nota: Pas dieselfde beginsels toe vir kwaliteit, tyd, verskaffer. ✓✓

(Maks. 8)**8.2.3 Bemarking funksie** ✓✓

- Maak die publiek bewus van wat beskikbaar is deur middel van advertensie, ens. ✓✓
- Bring die goedere binne maklike bereik van die verbruiker deur berging, distribusie en advertering. ✓✓

Effektiewe kwaliteit werkverrigting

- Verbruikers is deeglik bewus van produkte deur bemarking kommunikasie beleid bv. aggresiewe advertering van produkte. √√
- Nota : Pas dieselfde beginsels toe vir prys, produk en distribusie beleid. √√

(Maks. 8)**8.2.4 Produksie funksie** √√

- Verkry die grondstowwe vanaf verskillende bronne. √√
- Omskep grondstowwe tot finale produkte van 'n vooraf bepaalde standaard. √√

Effektiewe kwaliteit werkverrigting

- Goedere moet geproduseer word binne redelike koste ten einde in kompetisie te bly. √√

- Produksie koste berekening sal help om te verseker dat koste gedek is. √√

Nota : Pas dieselfde beginsels toe vir kwaliteit en tyd. √√

(Maks. 8)**8.2.5 Finansiële funksie** √√

- Bepaal die behoefte aan fondse. √√
- Verkry die fondse vanaf die korrekte bronne. √√

Effektiewe kwaliteit werkverrigting:

- Die fondse moet effektief aangewend word. √√
- Winsgewendheid verhoudings moet voorberei word deur die finansiële bestuurder en aangebied word aan algemene bestuur ten einde te vergelyk en besluite te maak. √√

- Dit word ook beïnvloed deur die krediet invorderings beleid, likiditeits analise en kontant vloei posisie. √√

(Maks. 8)**8.2.6 Menslike hulpbronne** √√

- Om die geskikste persoon te vind vir die regte werk. √√
- Om 'n persoon aan te stel in die posisie waar sy/haar bekwaamhede aangewend kan word tot voordeel van die besigheid. √√

Effektiewe kwaliteit werkverrigting

- Deurlopende opleiding en ontwikkeling van personeel. √√
- Gepaste opleiding en ontwikkeling programme het gelei tot hoogs stabiele personeel. √√

- Dit het gelei tot 'n lae omset van personeel. √√

(Maks. 8)**8.2.7 Publieke betrekkinge** √√

- Bevorder 'n positiewe beeld deur skakeling met die relevante publieke persone en instansies. √√

Effektiewe kwaliteit werkverrigting:

- Vrstelling van gereelde media verklarings. √√
- Deur publisiteit geniet die besigheid 'n positiewe beeld in die gemeenskap. √√
- Die besigheid moet 'n agtenswaardige posisie in die gemeenskap beklee. √√
- Ander bestuurs funksies word beïnvloed deur publieke betrekkinge bv. verbeterde verbruiker verhoudinge. √√

- Teenwerk van negatiewe publisiteit. √√

(Maks. 8)

8.2.8 Administrasie ✓✓

- Verkryging, kollektering, prossesering, beskikbaar maak en veilige bewaring van inligting. ✓✓
- Besluite is gebaseer op inligting. ✓✓

Effektiewe kwaliteit werkverrigtinge:

- Debiteur rekeningstate word betyds gepos en debiteure betaal op die regte datum. ✓✓
- Dit verbeter die likiditeit, kontant vloei en winsgewinde posisie. ✓✓
- Nota: Pas dieselfde beginsel toe op krediteure en voorraad. ✓✓

(Maks. 8)**(enige 5 x 8 = 40)****8.3 Gevoltrekking**

- Die bestuurs funksies hierbo vermeld kan nie in isolasie geskied nie. ✓
- Die funksies is nou verwant. ✓
- Kwaliteit werkverrigting van die besigheids funksies lei tot 'n algehele verbetering en winsgewindheid van die onderneming. ✓
- Deurlopende monitering en evaluering van die kwaliteit bestuurs werkverrigting stelsels moet in plek wees. ✓

(2 x 1 = 2)**Toekenning van punte:**

Inleiding	3	
Besigheid funksies 5 x 8	40	
Gevolgtrekking	<u>2</u>	
Totaal	45	maks. 32

Insig :		
Struktuur	2	
Sinteses	2	
Analise en interpretasie	2	
Toepassing	<u>2</u>	
	<u>8</u>	Totaal 40

TOTAAL AFDELING C: 80**GROOT TOTAAL: 300**